# Die Geeselike Wêreld
# Deel 1: Die eerste Rebel

**(Gen 6:1-4)** TOE die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. Toe sê die Here : My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar.

**(Gen 6:1-4)** In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.

**(Job 1:6-7)** En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die Here te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. Toe vra die Here vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die Here en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het.

**(2 Pet 2:4-5)** Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het;

**(Judas 1:6-7)** En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; En dink ook aan die mense van Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle. Net soos daardie engele het hulle onsedelike dade gepleeg en omgang gesoek met vreemde wesens. As waarskuwing vir almal word hulle nou gestraf met die vuur wat ewig brand.

**(Job 38:6-7)** Waarop rus die fondasie van die aarde? En wie het sy hoeksteen gelê? **Toe** het al die môresterre saamgesing en die hemelse wesens het van vreugde gejuig.

**(Gen 1:31)** Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en — dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.

(Gen 2:1) SO is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag.

**(JES 37:16)** '“Here, Almagtige, God van Israel, **U wat oor die gerubs troon**…

**(Ps 99:1)** Die Here regeer: die volke erken bewend sy gesag. **Hy troon oor die gerubs**: die aarde sidder van ontsag.

**(Eks 25:22)** Ek sal jou daar ontmoet. Ek sal van **tussen die gerubs bo-op die ark** met jou praat.

**(Eseg 28:12-13)** Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here Here : Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. **Jy was in Eden, die tuin van God**; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei.

**(Eseg 28:14-15,17) Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut**, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. **Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is**….Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp….

**(Kol 1:16-17)** want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.

**(Dan 4:34b-35)** Ek het die Allerhoogste geprys, ek het Hom wat ewig leef, geloof en geëer. Aan sy heerskappy is daar geen einde nie, sy koninkryk bestaan oor al die geslagte heen. Teenoor Hom is al die bewoners van die aarde soos niks; Hy doen soos Hy besluit met die hemelse magte en met die mense op aarde. Daar is niemand wat Hom daarvan kan weerhou en vir Hom kan sê: ‘Wat doen U?’ nie.

# TOT VOLGENDE KEER

GAAN WEES 'N GETUIENIS VIR ONS HERE JESUS CHRISTUS


EK IS DIE WEG, DIE
WAARHEID & DIE LEWE
NIEMAND KOM NA DIE VADER TOE
BEHALWE DEUR MY NIE
JOHANNES 14:6